NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor Plagiaat en Ander Vorme van Akademiese Oneerlikheid en Wangedrag

Verwysingsnommer	2P/2.4.3.2
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Institusionele Registrateur
Beleideienaar	Kampusregistrateurs
Verantwoordelike afdeling	Regsdienste
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Aanvanklik goedgekeur op 21 September 2007. Hersiening goedgekeur deur die Raad op 10 Junie 2011.
Wysigings	Wysigings is gemaak in 2010, en die gewysigde weergawe vervang die beleid wat in 2007 deur die Raad goedgekeur is.
Datum van wysigings	Hersien in 2011
Hersieningsdatum	Junie 2013
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index.html
Adres op die beleid-databasis	SHARE management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\database/policy documents\2P-2.4.3.2_plagiarism and dishonesty_a.docx

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor Plagiaat en ander vorme van Akademiese Oneerlikheid en Wangedrag

1 Aanhef

As ŉ toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met ŉ unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor Plagiaat en ander vorme van Akademiese Oneerlikheid en Wangedrag op 10 Junie 2011 goedgekeur.

Hierdie beleid vervang die Beleid oor Akademiese Oneerlikheid wat op 21 September 2007 deur die Raad aanvaar is.

2 Beleidsverklaring

ŉ Universiteit se fokus is op wetenskapsbeoefening, die praktiese toepassing van wetenskaplike dissiplines. Wetenskap word ontdek/nagevors, onderrig, bestudeer en bruikbaar gemaak ten einde legitieme behoeftes te bevredig.

Wetenskaplike kennis word deurlopend versprei deur dié wat onderrig en onderrig ontvang, dié wat leer en dié wat navorsingsresultate lewer. Wetenskaplike kommunikasie lê dus die aktiwiteite van die Universiteit ten grondslag.

Die onderskeid tussen wetenskaplik en vóórwetenskaplik is gesetel in die manier waarop wetenskaplike inligting gekommunikeer word, ongeag of dit in die konteks van leer, onderrig, navorsing of toepassing van kennis is. Wetenskaplike kommunikasie moet dus die toets vir korrektheid, verdedigbaarheid en (veral in die geval van navorsing) oorspronklikheid deurstaan. Die wetenskaplike praktyk van studente en wetenskaplikes word deurlopend beoordeel en geëvalueer. Om hierdie rede is integriteit en dus eerlikheid – benewens voor die hand liggende morele oorwegings – ŉ onontbeerlike faktor in wetenskapsbeoefening.

In die geval van enigiemand wat betrokke is by wetenskaplike werk, word daar dus van die betrokke individu verwag om verantwoordelikheid te aanvaar vir die inhoud van sy of haar wetenskaplike kommunikasie. Binne die konteks van onderrig, leer, navorsingsaktiwiteite of die toepassing van kennis is dit onaanvaarbaar om iemand anders se kennis, insigte, bewoording of formulering op enige vlak sonder die nodige erkenning as jou eie aan te bied, en dit kom neer op diefstal en bedrog.

Akademiese oneerlikheid kom neer op ernstige wangedrag, of dit mondeliks, deur optrede of skriftelik gebeur, gedurende eksamens of in die konteks van ander vorms van assessering soos referate, proefskrifte, verslae en publikasies.

Daarom is dit die beleid van die Noordwes-Universiteit dat geen vorm van akademiese oneerlikheid geduld sal word nie, en indien enige sodanige gedrag aangemeld of bespeur word, sal die oortreder ná skuldigbevinding strafbaar wees ingevolge die Universiteit se dissiplinêre beleide, reëls en prosedures. Die Universiteit het die verantwoordelikheid om integriteit en gepaardgaande akademiese eerlikheid by alle studente en personeel in te skerp, veral by diegene in akademiese poste.

3 Woordbepalings

Verskeie aksies wat in verband staan met akademiese wangedrag of akademiese oneerlikheid kan binne die kontekste van eksamenprosesse en ander vorms van akademiese assessering geïdentifiseer word. Dit sal hieronder in meer besonderhede uiteengesit word.

3.1 Eksamenoneerlikheid

Die generiese definisie van eksamenoneerlikheid sluit in:

- Die aanbied vir doeleindes van akademiese assessering van enige materiaal as synde die werk van die persoon wat dit aanbied, terwyl dit elemente bevat van werk wat deur iemand anders verrig is, sonder erkenning aan laasgenoemde.
- Die onregmatige gebruik (d.w.s. sonder die uitdruklike toestemming van die assessor) van akademiese bronne sluit in: eie aantekeninge, ongeag die formaat of modus van sulke aantekeninge (elektronies of handgeskrewe), sowel as skootrekenaars, selfone en ander elektroniese toebehore, programmeerbare sakrekenaars, handboeke en studiegidse sonder die uitdruklike vooraf toestemming van die assessor. Dit kan ook die volgende insluit:
    - Afskryf van ander studente se werk;
    - Besit en gebruik van aantekeninge en ongemagtigde grafiese sakrekenaars, selfone;
    - Vervalsing van identifikasie; en
    - Vervanging van materiaal.
    - Enige optrede deur ŉ student wat daarop gemik is om ŉ ander student te help om plagiaat of enige ander vorm van akademiese oneerlikheid te pleeg, met inbegrip van oneerlikheid gedurende of met betrekking tot eksamens.

3.2 Ander vorme van akademiese oneerlikheid

Oneerlikheid vind nie net tydens eksamens plaas nie, maar ook in die konteks van ander vorms van assessering, soos referate en ander werksopdragte wat ingedien moet word. Dit sluit in aangeleenthede soos afskryf van iemand anders se werk, en die verbloeming van iemand ander se werk met die doel om voor te gee dat dit die oortreder se eie werk is.

Die volgende kom eweneens neer op akademiese oneerlikheid of wangedrag:

- Die vervalsing van inligting t.o.v. toelatings, uitgestelde assessering of verlof tot afwesigheid, of valse bewerings met die oog op erkenning van gevorderde status;
- Die aanbied van afgeskrewe, vervalsde of onbehoorlik bekomde data as synde die resultaat van navorsing of laboratorium- of veldwerk wat deur die student self onderneem is;
- Die aanbied van individuele werkmateriaal wat die resultaat is van ŉ ontoelaatbare en onaanvaarbare hoeveelheid hulp van ŉ ander persoon;
- Hulpverlening aan ŉ ander student met aanbieding van individuele werk wat strydig is met instruksies of riglyne vir die betrokke werk.

3.3 Plagiaat en kopieregoortreding

Plagiaat is die aanbied, sonder toestemming of bronverwysing, van ŉ ander persoon se teks of ander gepubliseerde intellektuele produk deur dit voor te doen as die oorspronklike werk van die persoon wat hoop om voordeel daaruit te trek, of, soos die Oxford Dictionary en The Essential English Dictionary dit stel: “(to) take the work or an idea of somebody else and pass it off as its own” en “to present the ideas or words of another as one’s own”.

Oortreding van kopiereg is ŉ statutêre misdryf wat kan lei tot kriminele vervolging en boetes. Die oortreder kan ook gedagvaar word vir skadevergoeding in ŉ siviele geding deur die kopieregeienaar, terwyl plagiaat kan neerkom op ongeoorloofde gedrag ingevolge die gemene reg, wat ook kan lei tot hofgedinge teen die oortreder.

Benewens die regsgevolge is dit onteenseglik dat plagiaat en kopieregoortreding die integriteit van akademisme in diskrediet bring en indruis teen wetenskaplike etiek en die samelewing se persepsie van morele waardes. Dit moet dus verbied word, en waar dit wel voorkom, moet dit as onwettige praktyke deur die Universiteit gestraf word.

Plagiaat kan in meer besonderhede soos volg geïdentifiseer word:

- ŉ Voorbedagte daad om iemand anders se werk of eiendom aan te bied sonder verwysing na of erkenning aan die regmatige eienaar, soos:
- gebruik van ŉ ander persoon se idees, werk of navorsingsinligting sonder erkenning
- woordelikse oorskrywing van sinne of paragrawe uit een of meer bronne sonder erkenning

- parafrasering van sinne of paragrawe sonder erkenning
- indiening van rekenaarmateriaal, gedeeltelik of in die geheel, sonder om die oorsprong bekend te maak
- vir groepprojekte, die wanvoorstelling van groeplede se individuele bydraes waar individuele insette geïdentifiseer moet word.

4 Reëls

4.1 Verantwoordelikhede

Die Raad en die Senaat is verantwoordelik vir die bestaan en monitering/hersiening van ŉ Beleid oor Plagiaat en ander vorme van Akademiese Oneerlikheid en Wangedrag.

Die Universiteit het die verantwoordelikheid om integriteit en akademiese eerlikheid by alle studente en personeel in te skerp, veral by diegene in akademiese poste. Daar kan aan hierdie verantwoordelikheid voldoen word deur die formulering en publikasie van ŉ duidelike beleid oor eksamen-oneerlikheid en plagiaat, deur studente van vroeg af te onderrig oor etiese navorsings- en verwysingspraktyke en oor algemene akademiese eerlikheid, deur die prominente aanbringing van waarskuwings teen akademiese oneerlikheid en plagiaat (o.a. in studiemateriaal, fotokopieermasjiene en skandeerders) en deur van studente te verwag om by die inhandiging van onafhanklike akademiese werk vir assessering te bevestig dat sodanige werk inderdaad hul eie oorspronklike werk is (deur middel van die aangehegte **Addendum A**), en deur gepaste strawwe op te lê waar akademiese oneerlikheid en plagiaat aan die lig kom. Die Universiteit het dus ŉ opvoedkundige, maatskaplike en dissiplinêre verantwoordelikheid. Elke akademikus en student wat aan die Universiteit verbonde is, het die verantwoordelikheid om alle materiaal wat vir akademiese assessering of navorsingspublikasie bestem is op ŉ etiese en wetenskaplik verantwoordbare wyse aan te bied.

Die dosent se verantwoordelikhede in hierdie verband kan soos volg uitgespel word:

- Kennisgewing aan Studente: Studente wat modules in ŉ spesifieke Skool neem, moet inligting ontvang oor aanvaarbare standaarde van integriteit en akademiese eerlikheid, bv. met betrekking tot assessering, verwysing, erkenning en bibliografie.
- Alle module-oorsigte moet ŉ herinneringsklousule bevat oor plagiaat, akademiese oneerlikheid of wangedrag en outeursregbeskerming.
- Hulle moet studente aan die begin van elke kursus van standaarde vir verwysings en bibliografiese inskrywings voorsien.
- Studente moet gewaarsku word teen die gee of ontvang van hulp met assessering of met werk wat bedoel is om die werk van ŉ individuele student te wees.

4.2 Dissiplinêre prosesse

In gevalle van akademiese oneerlikheid is daar twee moontlike vlakke van dissiplinêre optrede: opvoedkundige teregwysing en penalisering in die konteks van die onderrig-leerproses, en die formele dissiplinêre proses.

Teregwysing word in die eerste instansie tydens ŉ gesprek deur die betrokke dosent (met inbegrip van ŉ studieleier, promotor en assesseerder op enige vlak) hanteer, nadat die direkteur of dekaan oor die saak ingelig is. Die direkteur of dekaan kan besluit om self die saak te hanteer of om dit aan die dosent oor te laat.

Indien ŉ dosent weet of vermoed dat ŉ student oneerlik opgetree het in die aanbieding van werk, byvoorbeeld vir doeleindes van akademiese assessering deur bv. ŉ ander student se werk af te skryf, materiaal uit die werk van ŉ ander student, ŉ artikel, ŉ verslag, dokument of die internet af te skryf of te parafraseer sonder vermelding van die feit dat dit ŉ aanhaling is, moet die dosent die student daarmee konfronteer tydens ŉ persoonlike gesprek. Die student moet ŉ geleentheid gebied word om lig te werp op die insident. Die gesprek moet die dosent in staat stel om:

- die saak af te sluit; of
- die student met of sonder ŉ nulpunt te waarsku, en die direkteur en dekaan op hoogte van sake te bring, en rekord te hou van die stappe wat geneem is; of
- ŉ aanbeveling te maak by die direkteur of dekaan dat die student formeel aangekla moet word;
- Die dosent moet in elke geval ŉ geskrewe verslag aan die direkteur voorlê met geloofwaardige bewyse, ongeag die uitkoms van die saak;
- ŉ Student moet die ontvangs van ŉ teregwysing of ŉ waarskuwing altyd skriftelik bevestig;

- Indien ŉ student hom/haar nie by die besluit van ŉ dosent wil berus nie, kan hy/sy ŉ versoek rig aan die betrokke skooldirekteur dat die saak hersien moet word. Enige verdere versoeke vir hersiening kan eers gemaak word na afloop van ŉ formele dissiplinêre proses.

Die *dissiplinêre proses* verloop volgens die Universiteit se Dissiplinêre Reëls vir Studente en Personeel (afhangende daarvan of die betrokke student ook ŉ personeellid is), met behoorlike inagname van die volgende oorwegings:

- Die betrokke skooldirekteur doen ŉ voorlopige ondersoek na beskuldigings van plagiaat, akademiese oneerlikheid of wangedrag, en lê dan die verslag voor aan die tugkomitee vir studentesake op kampusvlak indien die persoon ŉ student is, of aan die Bestuurder: Arbeidsverhoudinge indien die persoon ŉ personeellid is.
- Die betrokke dosent mag as getuie geroep word deur die tugkomitee.
- Indien die student/personeellid deur die tugkomitee skuldig bevind word aan plagiaat, akademiese oneerlikheid of wangedrag, word ŉ gepaste straf opgelê ingevolge paragraaf 6(1)-(9) van die Universiteit se Dissiplinêre Reëls vir Studente of paragraaf 8 van die Dissiplinêre Reëls vir Personeel. Indien die tugkomitee die student teregwys ingevolge paragraaf 6(10), moet dit met ŉ bykomende strafmaatreël gekombineer word.
- Enige versoeke vir hersiening of appèl word volgens die Statuut en die Universiteit se Dissiplinêre Reëls vir Studente en Personeel hanteer.

4.3 Rekordhouding

Skooldirekteurs hou rekords van akademiese teregwysings van studente en alle akademiese teregwysings moet gehou word volgens die reëls van die NWU se Rekordbestuursbeleid. Rekords oor akademiese teregwysings moet in die amptelike studentelêer kom wat deur Akademiese Administrasie/Dienste bygehou word.

Indien ŉ tugkomitee ŉ student skuldig bevind aan plagiaat, akademiese oneerlikheid of wangedrag, word die uitspraak en opgelegde vonnis op die student se akademiese rekord aangeteken, veral sodat akkurate inligting verskaf kan word aan persone en instellings wat ŉ reg het op sodanige getuienis oor ŉ student se gedrag tydens sy/haar studieloopbaan.

4.4 Opsporing van gevalle van akademiese bedrog

Akademiese bedrog met betrekking tot toelating, EVL, tweedegeleentheid-assessering of ŉ keuringsproses moet onverwyld by die Direkteur: Akademiese Dienste en die betrokke kampusregistrateur aangemeld word, wat dit dan onder die aandag van die Institusionele Registrateur moet bring.

AANHANGSEL A

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

PLEGTIGE VERKLARING

Plegtige verklaring deur student

Ek _____ verklaar hiermee dat die skripsie/verhandeling/proefskrif getiteld

_____

_____

wat ek hiermee aan die Noordwes-Universiteit voorlê ter (gedeeltelike) voldoening van die vereistes vir die graad _____, my eie werk is, teksversorg is en nog nie aan enige ander universiteit voorgelê is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die afskrifte wat ingedien word vir eksaminering die eiendom van die Universiteit is.

Handtekening van student _____ Universiteitsnommer _____

Onderteken te_____op hierdie _____ dag van _____ 20.....

Verklaar voor my op hierdie _____ dag van _____ 20.....

Kommissaris van Ede: _____

Verklaring deur studieleier/promotor/navorsingsdirekteur

Die ondergetekende verklaar:

1.1 dat die student 'n goedgekeurde studiemodule vir die betrokke kwalifikasie bygewoon het en dat die werk vir die kursus voltooi is of dat werk gedoen is wat deur die Senaat goedgekeur is;

1.2 dat die student voldoen het aan die minimum studietydperk soos gestel in die jaarboek;

1.3 dat toestemming hiermee aan die student verleen word om sy/haar skripsie, verhandeling of proefskrif in te dien;

1.4 dat registrasie/wysiging van die titel goedgekeur is;

1.5 dat die aanwysing/wysiging van eksaminators gefinaliseer is, en

1.6 dat al die prosedures gevolg is ooreenkomstig die Handleiding vir Nagraadse Studie.

Handtekening van Studieleier/Promotor:_____Datum:_____

Handtekening van Navorsingsdirekteur:_____Datum:_____

Oorspronklike gegewens: Amanda van der Merwe(10935746) SHARE:\2P-2.4.3.2
10 June 2011

Huidige gegewens: Jacoline Jansen van Vuuren(10225676) SHARE management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\database/policy documents\2P-2.4.3.2_plagiarism and dishonesty_a.docx
4 Julie 2011

Lêerverwysingsnommer: 2P/2.4.3.2